

Choctaw - `n Kultivar met uitstekende neutkwaliteit.

Choctaw II (oranje)

Choctaw is 'n welige groeier en dra groot neute met 'n dun dop. Die uitkraak persentasie is goed en lewer 'n hoë persentasie ekstra groot heel halwes. Chinese kopers beskou Choctaw as die beste kwaliteit wat Suid-Afrika produseer. Weens die groot aantreklike neute is Choctaw 'n uitstekende kultivar vir die indopmark. Die opbrengs is goed, maar raak altemerend soos die boom ouer word. Takke is geneig om nou mikke te vorm wat maklik breek en daarom is behoorlike vormsnoei vanaf 'n vroeë ouderdom noodsaaklik. Choctaw kry min siektes en het 'n lae sinkbehoefte. Skurfsiekte verdraagsaamheid is matig en met enkele bespuitings kan Choctaw suksesvol in areas met 'n medium hoë reënval gevestig word. Choctaw is 'n variëteit wat laat bot en ook laat dormant raak, daarom word die kultivar nie aanbeveel vir areas met vroeë, strawwe ryp nie.

Bestuiwing

Choctaw bot baie laat en die vroulike blommetjies is ontvanklik voor die stuifmeelstorting begin, daarom sal Choctaw min ander kultivars bestuif. In die westelike produksiegebiede sal Choctaw deur Wichita bestuif word. Die bestuiwingsperiode in die oostelike gebiede is effens vroeër en daarom behoort Barton sowel as Ukulinga vir Choctaw goed te kan bestuif.

Voordele

- 2 ton kultivar met hoë opbrengs
- Groot neute
- Dun dop met goeie dopeienskappe
- Hoë uitdoppersentasie (58-60%)
- Lae sinkbehoefte
- Goeie kernkleur en kernkwaliteit
- Matige weerstand teen skurfsiekte

Nadele

- Takke vorm swak mikke
- Alternierende drag
- Hoë persentasie dowwe neute in 'n aan jaar
- Bome kom laat in produksie
- Gevoelig vir vroeë strawwe ryp

Nuwe aanplantings

Choctaw is 'n uitstekende keuse as 'n tweede hoofkultivar saam met Wichita in die Weste of Ukulinga in die Ooste. Weens alternierende drag behoort Choctaw nie as die enigste hoofkultivar aangeplant te word nie.

Opgestel deur Heiko Meier.